# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**08 MAART 2026 Nr 10**


**Predikant:** *Ds Kobus Botha*
051 436 2930/082 410 7447

**Orrelis:** *Louri Coetzee*
083 776 6989

**Diakonie:** Voorsitter: *Muller Heyns*
072 469 7778

**Susters:** Voorsitter: *Ester Botha*
072 784 9451

**Katkisasie:** *Karien van Rooyen*
079 888 8910

**Lesotho Uitreik/ Evangelisasie:** *Kerkkantoor*
082 570 1804

**Skriba/ Koster:** *Pieter du Plessis*
082 570 1804

**Kerkkantoor:** Telefoonnommer: 051 436 2932

**Kantoorure:** Per afspraak

**Posadres:** Posbus 28182, DANHOF 9310

**E-posadres** kantoor@gkbfnnoord.co.za

**Webwerf:** www.gkbfnnoord.co.za

**Facebook:** https://web.facebook.com/gkbfnnoord

**Kassier:** *Mariza Mosca*
082 405 8565

**Bank Kerk:** ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065

**Bank Diakonie:** ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026

**Zapper-kode vir kerklike bydraes:**


### VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 08 Mrt: Diak Gideon de Wet | 073 101 5199 | | |
| 08 Mrt: Sr Santie Prinsloo | 051 436 3145 | 10 Mrt: Br Robert Patterson | 083 500 7136 |
| 10 Mrt: Sr Kirné van Driel | 083 399 0290 | 12 Mrt: Sr Naomie Jordaan | 082 824 2542 |
| | | 13 Mrt: Br Jan Eloff | 083 310 5661 |

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Emeritaatsfonds.***

## TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Serenitas*** en ons bedank almal wat daarmee behulpsaam gaan wees. Dit is dan ook die laaste teebediening vir die kwartaal en hervat dit weer op DV Sondag, 12 April 2026 wanneer wyk ***Whitesweg*** aan die beurt is.

## KATKISASIE SLUIT AF

Die katkisasieklasse vir die Voorskoolse-, Laerskool- en Gr 8 leerders sluit hierdie Sondag af vir die kwartaal en hervat weer DV op 12 April 2026. Die klasse vir Gr 9,10 & 11 sluit eerskomende Woensdag af en hervat weer DV op 15 April 2026.

## KERKRAADSVERGADERING

Die Kerkraad (ouderlinge) vergader DV hierdie Sondag na die erediens in die kerkgebou. Die belangrikste saak op die sakelys is die terugvoering van die wyksouderlinge aangaande hulle wyke. Die Diakonie vergader voor die diens in die *Wikus Vorster Saal*.

## GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Hierdie Sondag is die Voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Sakrament van die Heilige Nagmaal DV volgende Sondag, 15 Maart 2026. Na afloop van die Nagmaalsdiens bied die Susters weer ʻn gemeente-ete in die *Wikus Vorster Saal* aan. Die koste beloop R60 vir volwassenes en hoërskoolkinders en R40 vir laerskoolkinders, terwyl dit gratis is vir voorskoolse kinders. Almal word hartlik uitgenooi om dit by te woon – bring net asseblief u eie eetgerei en drinkgoed saam. Diegene wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle name op die BLOU vorm in die voorportaal aanbring. Die geld kan in die bussie gemerk Sustersbydrae in die voorportaal geplaas word of in hulle rekening by *Absa (632005), rekeningnommer 0470 341 769* inbetaal word met u naam en "ete" as verwysing. Betalings kan ook tydens die ete gemaak word.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere **[1]**gemeenskap van gelowiges en **[2]**diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**<u>Gemeentebou aksies:</u>**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

## LIDMAATREGISTER

Met attestasie het vertrek na die Gereformeerde Kerk *Vredenburg/Saldanha:* ***Sr Tania Bester*** van Dirk Oppermanstraat 17.

## INSAMELING VAN PLASTIEK PROPPIES

***Sr Machteld du Plessis*** is die koördineerder van hierdie projek wat ten doel het om fondse in te samel vir *Lettie Fouché Skool*. Vir enige navrae kan sr Machteld by 073 251 9286 gekontak word.

## ONS DINK AAN…

- ***Br John en sr Tryna Fouché*** van Oranjesig 20 met die afsterwe sr Tryna se broer. Ons bid dat die Here, deur die werking van die Heilige Gees, hulle sal vertroos in hierdie tyd van beproewing.
- ***Sr Francien Nel*** van PJ Schoemanstraat 9 wat 'n knievervangingsoperasie in Rosepark ondergaan het. Ons bid haar en ***br Deon*** die nabyheid van die Here toe en vertrou dat sy spoedig weer op die been sal wees!

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE EERSTE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Woensdag ***11 Maart*** | Katkisasie vir Gr 9&10 en Belydenisklas sluit af |
| Sondag ***15 Maart*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Saterdag ***21 Maart*** | Menseregtedag |
| Sondag ***22 Maart*** | Nabetragtingsdiens |
| Vrydag ***27 Maart*** | Skole sluit |

# DIAKONIE
## HELP MET
# VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Lukas 15:11-32
Teks : Lukas 15:17-20a en 24
Sang : Lb 168:1,2,3
: Ps 8:1,3,4,5
: Lb 334:1,2,3,4
: Ps 36:2
: Sb 11-2:1,2,4

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.
Galasiërs2:20







Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: [https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum](https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum)




https://forms.gle/vYe33tgCNbjA1ekc6



**BEKENDSTELLING VAN NUWE KINDERHUISHOOF**

Dit is met groot dankbaarheid dat die aanstelling van mnr. Jaco Wattel as die nuwe hoof van President Kruger Kinderhuis Reddersburg aangekondig word. Die Here het die Kinderhuis begenadig met 'n ervare en kundige dienaar om saam met die personeel en bestuur om te sien na die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is.

Voor sy skuif na die Vrystaat, was Jaco die afgelope agtien jaar woonagtig in Pretoria. Benewens bestuurservaring in verskeie omgewings was hy ten nouste betrokke by die bestuur van Rustenburg Gereformeerde Akademie en Centurion Christelike Laerskool. Daar word uitgesien dat sy bestuursgawes en liefde vir Christelike opvoeding in diens van die kinderhuis gestel word.



Saam met Jaco word sy vrou, Nicolene, verwelkom. Sy het haar eie besigheid in die vervoerbedryf en sal vanuit Reddersburg werksaam wees. Jaco en Nicolene het twee kinders: Riaan, wat predikant is van Gereformeerde Kerk Welkom, en Nina, 'n arbeidsterapeut wat tydelik oorsee werk.

Jaco en sy gesin word die Here se ryke seën toegebid in die Reddersburg-gemeenskap.

Hy begin op 1 Maart 2026 as hoof van die kinderhuis.

# Gereformeerde Kerk Krugersdorp – 130 jaar!



Gemeente gestig in 1896. Weens die oorlog is die kerkgebou in 1903 opgerig.



Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp vier DV die naweek van 29-31 Mei 2026 die 130ste bestaansjaar van die gemeente. Daar word beplan om die aand van die 29ste Mei 'n musiekkonsert aan te bied. Saterdagaand 30 Mei word 'n fees-ete beplan en Sondag 31 Mei sal daar ook Nagmaalsviering wees. Alle oudlidmate word hartlik uitgenooi om hierdie geleentheid saam met ons te kom vier – en weer saam met medelidmate te kuier. Lidmate wat die Nagmaalsviering wil bywoon, word versoek om die nodige aansoek hiervoor aan die Skriba te rig (Petrus Steyn, petrusskriba@gkkrugersdorp.co.za / 082 821 9138). Ons sien uit om u by ons te verwelkom!




# Inhoud

*Maart 2026*

JAARGANG 126, NO. 3408,
MAART 2026

**Letaba-ruskamp onder water. (Foto: Willie Aucamp)**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

1 Van die redakteur: Bek-en-klou en die groot nogtans
2 Uit die Woord: Die skepping sug: Romeine 8:22
4 Die gelowige se roeping te midde van 'n krisis
6 Hoe hanteer ek beproewing in my lewe?
7 'n Oproep word 'n wekroep!
8 Griet se storie: Die Slag van Tweebosch se sagte kant
10 Trump teen Europa – Wat moet die kerk daarvan maak?
13 *Die Kerkblad* kuier by ... Philippus Jacobus Buys
16 Vissers van mense
18 Ons besoek aan Suid-Soedan
20 Lewende water en eerlike getuienis
22 Geloof in Christus is liefde wat in dade oorgaan
24 Prof. HG Stoker (sr): Uitbouer van Christelike filosofie
26 Eers dit: Genetiese manipulasie
28 Twee paaie in die lewe: 'n Keuse met goeie of slegte gevolge
30 Die Boerestryders van die Argentynse Pampas

36 Kleinadvertensies

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

**REDAKSIEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| REDAKTEUR: | Ds. C Aucamp |
| KOPIEREDAKTEUR: | Mev. J Fourie |
| ADDISIONELE LEDE: | Mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer, prof. IW Ferreira |

EUROPESE KORRESPONDENT: Dr. VE d'Assonville

**Adresbesonderhede:**
- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R390 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R590 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R165 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R590 per jaar |

**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




*EIENAARS EN UITGEWERS*
*Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.*

*Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.*